

## **Hoekom het diegene wat uit die dood opgewek is ons niks vertel nie?**

Donderdag 6 Mei 2021

### **Ons lees in die Bybel van baie mense wat uit die dood opgewek is.**

- Die weduwee van Nain se seun wat dood was het Jesus lewend gemaak. Luk 7:14,15
- Lasarus, die broer van Martha en Maria was al vier dae dood en Jesus het hom opgewek. Joh 11:39-44
- Na Jesus se opstanding het baie grafte oopgegaan en baie mense het opgestaan. Mat 27:52ev
- In Heb 11:35 lees ons van vrouens wat hulle dooies teruggekry het.

### **Ons lees van baie profete en apostels wat gesigte en openbarings gesien het.**

- Paulus in 2 Kor 12:12ev vertel hoedat hy weggeruk is tot in die derde hemel.
- Johannes skryf in Openbaringe wat hy in gesigte en openbarings gesien het.

Maar al hierdie mense het opgestaan en nêrens lees ons in die Bybel dat hulle vertel of beskryf, **presies** hoe dit in die hemel is nie.

Ons sou tog verwag, omdat ons dalk nuuskierig is, of dalk regtig wil weet, dat hulle met verwondering moet vertel hoe die hemel lyk.

Dit bring ons by die baie belangrike vraag:

- **Hoekom is niks daarvan vir ons in die Bybel vermeld nie?**

### **Op hierdie vraag kan ons as volg antwoord:**

- Dit was en is nie God se wil dat die dinge aan ons geopenbaar moet word nie.
- Dit is sekerlik omdat ons so sondig is dat ons soos wat Moses verbied was om die beloofde land binne te trek, is ons ook nou verbied om die beloofde ewige Kanaän te sien. (Lees Deut 34:1-12)
- Die hemel is te heerlik, te groots, te volmaak, te heilig dat ons die Heiligheid nou kan ervaar en verstaan.
- **1 Kor 2:9** “Maar soos daar geskrywe staan: “Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor het nie,” en wat in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, dit het God gereed gemaak vir dié wat Hom liefhet.”
- **2 Kor 12:1-3** Om te roem, het wel geen sin nie, maar terwyl dit dan nou moet, kom ek by gesigte en openbarings wat die Here gegee het.  
**2** Ek ken 'n man wat aan Christus behoort. Veertien jaar gelede is hy weggeruk tot in die derde hemel. Of dit met die liggaam was of sonder die liggaam, weet ek nie, net God weet dit. **3** Ek weet ook dat hierdie man weggeruk is na die paradys toe. Of dit met die liggaam was of sonder die liggaam, weet ek nie, net God weet dit. Daar het hy woorde gehoor wat 'n mens nie kan of mag uitspreek nie.”

Maar geliefdes, kom ons wag met heiligheid en verwagting op wat God vir ons in die hemel voorberei het. Al wat ons moet doen is om te glo in die versoeningswerk van Jesus Christus. Elkeen dan wat glo dat Jesus Christus vir jou sondes gesterf het, sal die ewige lewe beërf.

*(Ds Gerrit Kruger Gereformeerde Kerk Centurion. Sel 082 964 5595)*